



*Ook deur Sophia Kapp*

Joernaal vir 'n bedonnerde diva

*Die Malansusters*

Die erflating  
'n Nuwe lente  
Waar die hart is

*Liefdesromans*

Die tuiskoms  
Die ooreenkoms  
Die verhuising  
Huis van die wind  
Driehoek

*Romanza*

Moeilikheid met 'n meermin



Sophia Kapp

**Oorlewingsgids vir 'n  
bedonnerde diva**



LAPA Uitgewers  
Pretoria  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)



© Teks: Sophia Kapp 2016  
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel: 012 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.5 op 14.3 pt Leawood  
deur LAPA Uitgewers  
Omslagontwerp: Flame Design  
Redigering deur Jeanette Ferreira  
Gedruk en gebind deur CTP Drukkers, Kaapstad

Eerste uitgawe, eerste druk 2016  
Eerste uitgawe, tweede druk 2016

ISBN 978-0-7993-7800-9 (gedrukte boek)  
ISBN 978-0-7993-7801-6 (ePub)  
ISBN 978-0-7993-7802-3 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie  
boek mag op enige manier gereproduseer word sonder  
die skriftelike toestemming van die kopiereghouers  
nie.

Feeling extraordinarily dry, fatigued, frail, depressed, confused, gagged, muzzled, unaroused.

Feeling frightened, halt or weak, without inspiration, without animation, without soulfulness, without meaning, shame-bearing, chronically fuming, volatile, stuck, uncreative, compressed, crazed.

Feeling powerless, chronically doubtful, shaky, blocked, unable to follow through, giving one's creative life over to others, life-sapping choices in mates, work or friendships, overprotective of self, inert, uncertain, faltering, inability to pace oneself or set limits.

To be away from one's God or Gods, to be separated from one's revivification, drawn far into domesticity, intellectualism, work, or inertia because that is the safest place for one who has lost her instinct.

Afraid to bite back when there is nothing else left to do ...

*Women Who Run With the Wolves*

– Clarissa Pinkola Estés



# Nuwejaarsdag

Simoné trek die bruin verpakkingsband styf oor die boks, byt dit met haar voortande af en stryk dit met haar handpalm plat. Dis al een beweging. Ritmies, sekuur. Die band lê glad oor die boksopening, sonder enige borrels of plooië. Ses dae en veertig bokse later is haar tegniek vervolmaak. Girts van die rol af, plak, skeur, vryf, skuif, volgende.

Bo-op elke toegeplakte boks het sy “slaapkamer”, “eetkamer”, “studeerkamer”, “kombuis” met ’n koki geskryf, afhangend van die vertrek waaruit die goed kom en waarheen dit moet gaan.

Normaalweg sou sy met haar gewone noukeurige puntenerigheid nog die bokse genommer en ’n lys bygehou het van wat in watter boks gepak is sodat die uitpakkery makliker gaan, maar agter haar is die verhuisingssmanne aan die beweeg. Daar is nie tyd vir bokse nommer nie. Ook nie vir sit of eet of slaap nie. Ook nie vir wroeg nie.

Genadiglik.

Sy vee die sweet met die binnekant van haar elm-

boog van haar voorkop af en stoot haar stram orent. Stut haar vir 'n paar oomblikke met haar handpalm plat teen die muur sodat die bloed in haar kop kan terugloop en die kramp in haar lae rug kan skietgee. Alles aan haar is seer: haar kop, haar skouers, haar rug, haar maag, haar oë. Sy het voor Kersdag laas behoorlik geslaap. Of geëet. Die dag daarna het sy haar lewe begin oppak en het rus en voedsel onnodig geword. Al wat nodig was, was om hier weg te kom.

“Het jy 'n Allen key vir die bed?”

Sy swaai om. Die bejaarde hoofman oor die verhuisingssmanne staan in die deur.

“'n Wat?”

“'n Allen key. Om die bed uitmekaar te maak,” sê hy stadig, asof hy met 'n kind praat. Of 'n dom vroumens wat nie weet wat gereedskap is nie.

Hy weet duidelik in watter kategorie om haar te plaas.

“Eeee, ek weet nie. Hoe lyk 'n Allen key?”

“Hy loop met 'n hoek. Soos 'n square.”

“O ja, nou onthou ek. Sulke swartes. Jy moet in die garage kyk. Alles is daar in die kas.” Dan bedink sy haar. Dis Jaco se gereedskap. As die goed wegraak, is sy in die moeilikheid.

In groter moeilikheid.

“Oukei, wag, SW kan dit vir julle gaan soek.” Sy vryf weer oor haar oë. “SW?”

Geen antwoord nie. Net die geskuiwel van voete oor die teëlvloer en die ligte stamp van houtmeubels teen die muur.

Sy byt die ergernis terug. Dis nie professionele verhuisers nie – hierdie motgevrete spannetjie met hulle lendelam oop trok wat haar swaer inderhaas vir haar



gereël het, is al wat sy kan bekostig – en die mense doen hulle bes. Dis nie hulle skuld sy is op van moegheid en spanning en bekommernis nie. Die merke teen die muur sal sy afwas wanneer hulle alles uit het. Die skade aan die meubels sal sy later eers kan bepaal. Sy kan waaragtig nie nou daarvoor ook nog stres nie.

“SW?” roep sy weer. Harder dié keer, maar steeds geen antwoord nie. “SW!”

“Wat?”

Die kind verskyn in die deur. Leun met sy skouer teen die kosyn asof sy ruggraat rubber geword het, en tik-tik-tik met sy voorvinger op die iPad. Sy aandag is so geheel en al deur die speletjie daarop vasgevang, hy kyk nie eens na haar nie.

Die moegheid en irritasie stuif verder in haar op. “SW, sit asseblief nou daai blesstise ding weg en help, soos ek jou gevra het. Die mense soek ’n Allen key om jou bed mee uitmekaar te haal. Gaan kyk asseblief in die garagekas of jy een kan kry.”

“Wat is ’n Allen key?” vra hy.

“Google en vind uit,” kners sy vir hom.

Hy draai om, steeds met die iPad in sy hand en dwaal weg.

“Schalk Willem Bekker!”

“Hè? Wat het ek nou weer gedoen?”

“Die garage is na die ander kant toe!”

Hierdie keer is haar stemtoon genoeg om hom te laat regsomkeer.

Sy sluk en onderdruk haar skuldgevoel. Hy moet help. Sy plig doen, al is die omstandighede hoe sleg. Dis ’n lewensles wat ’n mens moet deursien: Jou plig wag nie vir jou omdat jou lewe uitmekaar bliksem nie. Al is jy sestien en al het jy skade gekry. Dis háár plig om toe

te sien dat haar kind dit leer. Al is háár omstandighede hoe sleg.

“Het julle die dubbelbed al uitmeekaargehaal?” vra sy vir die verhuisingsman wat nog daar rondstaan.

“Nee.”

“Nou maar doen dit solank. Dit is 'n antieke bed met 'n styl. Maak seker julle hou die ysterstawe bymekaar, anders gaan julle sukkel om dit anderkant aanmekaar te sit.”

“Ja.”

“Nou toe. Dis al elfuur en ons moet nog al die bokse ook laai. En ons het nog 'n hele ent om te ry.”

“Ja.”

Sy sluit haar oë. Waar sal haar krag vandaan kom? “SW, waar de hel bly jy met die sleutel?!”

“Dis die laaste boks, Mevrouw. Die goed by die garage, hy's ook op. En die plêstiek tafel by die stoep. Jy't nog goed, of jy's nou klaar?”

“Dis klaar. Julle kan maar die seil oorsit en vasmaak. En val julle solank in die pad, ons sal julle wel inhaal.”

“Is reg so, Mevrouw.”

“Julle het my selnommer as julle verdwaal of iets gebeur, nè?”

“Ons sal nie verdwaal nie, Mevrouw, ons ken mos die pad. Ons het hom gery hiernatoe vanoggend.”

Sy weet, ja. Hulle moes ounag opgestaan het om die hele ent Pretoria toe te ry. “Hier is vir julle geld vir kos langs die pad. Moet asseblief net nie by 'n stil plek stop of die trok net so los nie. Iemand moet dit oppas.”

“Dankie, Mevrouw, ons sal so maak, Mevrouw. Sien Mevrouw anderkant.”

“Oukei, Hans, mooi ry.”

Simoné draai weg. “SW, is jy klaar?”

“Mmm.”

“Oukei, gaan laai asseblief die koelsak in die motor. En dan help jy my net dat ons ’n laaste keer skoonmaak voor ons ry.”

Hy laat sak die iPad. “Weer? Jy het die plek nou al twee keer gestofsuig en alles met Handy Andy gewas. Wat wil jy nog doen, die vloere met ’n tandeborsel skrop?”

“Nee, maar jy weet hoe is oom Jaco oor die huis wat skoon moet wees. As alles nie honderd persent is nie, gaan hy raas.”

SW klap die iPad hard toe. “Ek gee nie ’n moer om oor hom en sy fokken afwykings nie! Laat hy raas, ons loop mos nou. Dan kan hy elke dag alleen in hierdie blerrie steriele laboratorium woon en hoef hy nie te worry dat ek alles gaan besmet nie.”

Sy moet hard sluk. Die kind se taal ... en sy houding! Sy hele staan, sy gesigsuitdrukking, die hoek van die skraal tienerskouers, skree behoorlik sy wrokkigheid uit.

Sy weet dis eintlik iets waaroor hy kortgevat moet word – dit maak nie saak hoe geregverdig hy dink sy woede is nie, ’n mens praat nie so van ’n grootmens nie.

Maar die moedeloosheid en skuldgevoel lê op haar nek soos ’n juk.

“Seun, asseblief. Ek is gedaan. Help my net dat ons kan klaarkry en wegkom. Oom Jaco het nie gesê wanneer hy gaan terugkom nie en ek wil regtig nie in hom vasloop nie.”

“Maar hy en Chloé het dan gaan vakansie hou. Hoe-kom sal ons in hulle vasloop?”

“Hulle is by die see, ja, maar hy het nie gesê wanneer hulle terugkom nie. Ek glo nie dit sal vandag wees nie,

want hy weet ons trek uit, maar met hulle weet 'n mens nooit."

"So what as hy vandag terugkom? Dan kan hy sy eie verdomde huis skoonmaak. Of Chloé kan 'n slag maak asof sy iets meer in hierdie huishouding wil doen as net kak stir ..."

"Moenie, seuna. Dit help nie ons karring verder daaroor nie, dit gaan niks verander nie. Buitendien, dis nou verby."

Haar stem begin bewe en sy draai vinnig weg.

"Mamma ..."

"Kry die stofsuiër, SW. Dit staan in jou slaapkamer. Kyk, hier is nog 'n streep waar die boekrak op die mat gestaan het. Kyk of jy dit vir ons kan uitborsel."

Sy strompel die badkamer binne, verblind deur die trane, lam van die leed. Dis nou verby, het sy vir SW gesê. Vir hom is dit 'n bevryding. Vir haar is dit 'n erkenning, aan die wêreld en aan haarself, dat haar hele lewe soos 'n kaartehuis in duie gestort het.

Al weer.

Die Here in die hemel weet hoe hard sy probeer het, maar niks wou werk nie. Nie eens die hande vol kalmeerpille plus antidepressante plus slaappille wat sy elke aand met 'n paar glase wyn afgesluk het, kon dinge vir haar draaglik maak nie.

Maar meer nog, dit kon haar nie vir Jaco draaglik maak nie. Dit was uiteindelik die enigste onweerlegbare waarheid waarmee sy oorgebly het: Hy wou haar waaragtig nie meer hê nie. Niks wat sy opgeoffer het, prysgegee het, ingesit het, probeer of verswyg het, kon dit verander nie; sy was net nie goed genoeg nie.

Hy kon dit nie vir haar sê nie, maar hy kon dit vir haar wys.

Simoné buk vinnig vorentoe toe die naarheid haar oorval. Haar ingewande kramp en kramp en kramp, en sy moet aan die toiletbak vasklou terwyl die werklikheid om haar dof en vaag en ver word. Al wat daar is, al wat oorbly, brandend en suur en onhoudbaar oorbly, is die besef van mislukking wat soos gif deur haar menswees pols.

Dis seker goed 'n halfuur later toe sy eers weer tot haar sinne kom. Sy sit-lê tussen die toilet en die bad ingewig met haar hare wat klammerig aan haar gesig vasplak. Haar voorarms is lam, haar knieë seer tot diep binne-in die gewrig. Sy bewe, van kouekoors, van seer, van uitputting, van angs.

Rock bottom, dis waar sy is. Daar is niks oor nie. Daar is van haar niks oor nie.

God, hoe het sy hier beland?

Kersdag, 9 nm.

Skoonfamilie hier gehad vir middagete. Tradisioneel. Gerookte varkboud, bobotie, hoenderpastei, geelrys (sonder rosyne want hulle hou nie daarvan nie), aartappels, pampoenpastei, roomspinasie. Vir nagereg tuisgebakte pavlovas met witsjokolademousse en vars bessies. Mooi gelyk. Dink die hoenderpastei was dalk 'n bietjie droog, maar daar was darem sous. Met sampioene, soos Jaco daarvan hou.

Het probeer met die tafel. Ouma Malherbe se damastafeldoek en -servette. Ma se Royal Doulton. Rose en pienk bubbly in my Franse flutes. Klein geskenkie op elkeen se bord, toegedraai met silwer papier en lint.

Soos ek gesê het, ek het probeer.

Geweet dit gaan moeilik wees, maar het gedink ek sou iets spesiaals daarvan kon maak. So gewoon daaraan – Kersfees by die Geertsemas-Wandrags is 'n familiedag, met oupas en oumas en kinders en kleinkinders om die lang tafel. Ma aan die kop, altyd statig in haar kerkrok en pêrels. Die geleentheid het die afgelope paar jaar so 'n bietjie grênd geword, veral nadat Rina die dag by Ma oorgeneem het, maar my suster is darem gasvry by al haar opstêrsgait. En sy kan kook, gee haar dit – niemand maak kroonbraad soos Rina nie. (Niemand eet ook so lekker aan hom nie, en 'n mens kan dit aan Rientjies se heupe sien!)

Eksskoonfamilie se Kersfeeste was ook gesellig. Eintlik sommer net plein jollie. Bekkers kon lekker lag, veral vir hulleself. Bietjie straf gekuier; sommer al begin dop vat so direk ná die terugkoms van die tabernakel. Teen die tyd dat die kos op die tafel was, was hulle al in die kooksjerrie in en was alles gillend snaaks. Ont-hou een besonder vrolike jaar toe my gay swaer uit die kamer gekom het in Skoonma (die eks- een) se snyerspakkie en haai polfaais en so tussen die tong en trifle deur vir ons gestrip het. Mal, natuurlik, die hele lot, maar baie opreg. As mens saam gedrink het, was Bekker-kuiers onvergeetlik.

Kon die Du Toits nooit gepeil kry nie. Toegee, was nie lank deel van hulle nie (hoewel twee jaar seker lank genoeg is om te weet of jy inpas of nie) maar familietyd was altyd 'n

moeilike, onstabiele ding. Hulle gee om vir mekaar – so sê hulle – maar baklei soos wildehonde as hulle saam is. Almal wil baaspeel, maar niemand wil aanspreeklikheid aanvaar nie. Eindelose, verbete wedywering oor alles, van huise tot karre tot vakansies tot die kinders se skoolprestasies. En gewig – o, liefefokkendonnerg, gewig is groot in hierdie familie; almal weet watter grootte Levi's die ander dra. (Tussen hulle het hulle al elke dieet probeer waarvan die mensdom weet en elke eetversteuring gehad waaroor die mensdom nie praat nie. Selfs dit was 'n kompetisie.)

So het elke Kersfees of verjaarsdag 'n turf war geword met hierdie mense. Oor wie se huis, wie se kos, wie se moeite, wie se geld dit sal wees. Nie oor almal dit wil hou nie, oor niemand dit wil hou nie. Ek was altyd die idioot wat probeer het. En probeer het. En probeer het.

Verstaan dit nou nog nie. Verstaan nie hoe die hele sous vandag net kon kom aansit vir ete en niemand 'n vinger verroer het om my te help nie. Verstaan nie hoe Jaco vir almal bubbly kon skink behalwe vir SW nie. Verstaan nie hoe Chloé daaroor kon giggel en aan die niggies stamp en dink ek gaan dit nie sien nie. Verstaan nie hoe almal ná die tyd kon verdwyn en my en SW met die opruimwerk los nie. Verstaan nie hoe Chloé vir my kan sê ek moet “gaan TV kyk of iets” want sy is nou daar om met haar pa te gesels nie.

Verstaan nie hoe Jaco daar kan sit en dink dis oukei nie.

Wat is ek dan?

'n Prostituut wat kan kook. Maar nie 'n vrou nie. Die Here hoor my, ek was nooit in hierdie godverdomde huis 'n vrou nie.

Simoné bekyk die rekenaarskerm voor haar. Dis asof alles effens vibreer, soos op 'n film wat van 'n televisieprogram geneem is.

Sy haal diep asem, probeer die bewing in haar tot bedaring kry. Sy en Jaco het die dag ná Kersfees laas met mekaar gepraat. Toe sy vir hom gesê het dit help nie om langer te probeer nie. Hy en Chloé is daarna weg see toe, so 'n laaste vakansie saam voordat sy haar eerste jaar op Tukkies aanpak.

Sy en SW het gebly om te pak.

Dit is belangrik dat sy hierdie e-pos presies reg formuleer. Dat sy nie die deel van haar wat wil breek en smee vir nog 'n kans, toelaat om die oorhand te kry nie.

*Beste Jaco*

*Ons is op pad. Ek het slegs die goed gevat wat myne was voor ons getroud is. Alles wat joune was en wat ons gekoop het ná ons troue is nog hier. Laat weet my asseblief as jy dink ek het iets gevat waarop ek nie geregtig is nie; ek wil nie oor aardse goed baklei nie.*

*Kan ek net vra dat jy die motor op my naam sal laat registreer? Ek weet dis regtens joune, maar ek het waaragtig nie nou geld vir 'n nuwe nie. Sal dit opreg waardeer.*

*Ek los vir jou die huis se sleutels en die afstandbeheerder vir die garage in die onderste kombuislaai.*

*As daar enigiets anders is, laat maar weet.*

*Al wat oorbly, is om te groet. Dankie vir die twee jaar wat ons saam gehad het. Mag die Here se liefde en vrede altyd met jou wees.*



*Alles van die heel beste.  
Simoné*

Send, druk sy. Klap die skootrekenaar toe. Staan op. Alles in een beweging. Sy is so verblind van die trane, sy kan nie eens die deur van die vertrek kry nie.

Nee, sy kan nie nou weer van voor af uitmekaar bliksem nie.

“SW?”

Geen antwoord nie.

“SW, waar is jy?”

Sy strompel die kombuis binne, loop haar amper disnis teen die toonbank.

Dan gewaar sy hom deur die venster. Die kind sit op sy hurke in die agterplaas, met sy arms om Dino se nek, sy gesig in die labrador se blonde pels ingedruk. Die hond staan daar, doodstil, die stert wat altyd vir vriend of vyand waai tussen sy agterpote ingetrek. SW se skouers ruk asof hy koors het.

Dit kos haar 'n volle minuut voordat sy haar selfbeheersing op 'n manier terug het. Sy loop tot by die agterdeur. “SW?”

Hy vlieg op, draai sy rug op haar en vee met sy voorarm oor sy gesig. Staan vir 'n paar oomblikke so, stram van woede. Dan prop hy sy hande woes in sy sakke.

“Kom ons rug, seun.”

SW swaai om, stoot by haar verby en storm by die voordeur uit. Sy hoor hom die motordeur toewetter.

Dino kom stadig nader, roer sy stert onseker.

Deur 'n waas van trane fluister sy: “Baai, Dino. Ons kan jou nie saamvat nie, al wil ons. Jy is Chloé se hond.”

En daarmee moet sy omdraai en wegloop van alles

wat sy twee jaar lank huis genoem het, met die prentjie van Dino se onbegrypende bruin blik wat in haar geheue inbrand asof dit met suur daar ingeëts is.

Sy sit met haar een hand op die stuur, die ander elmbog op die rand van die venster gestut, haar hand voor haar mond. Haar oë is droog en seer, die vel van haar gesig trekkerig soos die trane daarvoor gestreep en toe droog geword het. Haar keel is rou, haar tong effens lam. Die pille het uiteindelik ingeskop.

Sy weet dis seker nou nie die slimste ding op aarde om drie kalmeerpille gelyktydig af te sluk net voor 'n mens die langpad vat nie, maar dis in elk geval beter as om so te tjank dat 'n mens nie die teer kan sien nie. Ten minste kan sy fokus, al kan sy nie behoorlik konsentreer nie. Haar lewe is dalk nie veel werd nie, maar SW s'n is nog.

Nie dat sy aldag seker is hoeveel waarde hy nog aan sy lewe heg nie. Van die vrolike, gelukkige kind wat saam met haar die paadjie afgestap het toe sy en Jaco getroud is, is daar niks oor nie. In sy plek is daar 'n stil, bot, onvergenoegde tiener wat kwalik met homself kan saamleef, laat staan met ander oor die weg kom. Wat al amper twee uur lank langs haar sit met sy oë toe, sy arms gevou en die oorfone in sy ore gedruk, so ver in sy eie wêreld teruggetrek dat sy nie 'n idee het hoe om hom te bereik nie.

Die huil stoot weer in haar keel op en sy klamp haar vingers oor haar mond. Hemel, waar begin sy herbou?

“Mamma?”

Sy vee haastig oor haar wangbene. “Ja?”

“Is jy oukei?”

Instink wil haar dwing om hom te beskerm. Maar sy weet ook dis te laat. “Nee, seun, maar ek sal wees. Moet jou nie oor my bekommer nie.”

Hy staar strak voor hom uit. “Is dit for real, hierdie breakup? Is daar nie ’n kans dat jy kan teruggaan nie?”

“Nee, seun. Hoekom vra jy?”

Hy sê niks, vroetel net met die iPad.

“SW?”

“Sou dit gehelp het as ek vir die res van die vakansie by Pappa gaan bly het?”

“Nee, dit sou nie. Wat laat jou so dink?”

Gemaak ongeërgde optrek van die skouer. “Ek het julle gehoor toe julle gefight het daai laaste aand voor oom Jaco-hulle weg is.”

Die koue skiet deur haar. “Ons het baklei, ja. Maar dit het oor die dag gegaan. Oor hoe ek gevoel het omdat hulle my so by alles uitsluit. Dit het niks met jou te doen gehad nie.”

Stilte. Net die vinger wat op die iPad tik-tik-tik.

“SW?”

Hy kyk lank na haar. Dan druk hy weer die oorfone in sy ore. “As jy so sê,” sê hy en skuif gemakliker in die sitplek in.

Simoné kyk voor haar in die pad. Sy het haar kind verloor. Hierdie stram, ontoeganklike vreemdeling ken sy nie.

Dis net voor ses toe hulle die dorp binnery. Die son hang laag oor die rantjies en stoot die skaduwees van die ry sipresse wat ’n mens die dorp binnelei reeds skuins oor die pad.

Die stadsraad het moeite gedoen om toe te sien dat die middedorp goed versorg bly: Die gras op die meent is

groen en netjies gesny, die sypaadjies is skoon, die winkeltjies en restaurante interessant en gesellig en selfs vroegaand op Nuwejaarsdag nog oop. Dis vakansieseisoen en oral is daar paartjies wat ingehaak ronddwaal of deur die snuisterye snuffel. Dit is maar toerisme wat die plek aan die lewe hou en die owerhede weet dit. Hulle hou die ganse wat die goue eiers lê se dam so skoon as wat hulle kan.

Maar die toerismegebied is waar die sorg ophou. Die hoofstraat is steeds net tot by die kerk geteer en die township, wat soos 'n sweer aan die sy van die dorp groei, se sokkerveld het steeds net die aanmekeargetimmerde wattelpale vir doelhokke. Boekenhoutskloof kon, ten spyte van sy reputasie as kunstenaarsdorp en toeristebestemming, nie plattelandse armoede en verval vryspring nie. Nie eens die somer wat mild en groen oor die Oos-Vrystaat lê, kan dit verdoesel nie: Dis nie Gauteng nie, en die geld wat hier inkom, is nie standhoudend genoeg om vir die behoeftiges, die opsygedruktes en die weerloses 'n werklike verskil te weeg te bring nie.

As sy na die plek kyk, regtig k yk, het hier min verander sedert sy op skool was.

Die hol kol op haar maag oor haar terugkeer na haar geboortedorp het ook nie verander nie. So was dit elke Vrydagmiddag van haar hoerskoolloopbaan wanneer sy en haar ma die veertig kilometer vanaf die koshuis op Bethlehem gery het en hulle die afdraai na die dorp gevat het. So is dit vandag: Dieselfde onmengbare mengsel van herkenning, hoopvolle afwagting en die mislike wete dat die hoop  n die afwagting op niks anders as teleurstelling kan uitloop nie.

Sy draai regs, links teen die bult uit, nog 'n keer regs

en ry dan tot waar die straat doodloop. Hou voor die hek stil. Skakel die enjin af. Sit eers lank so terwyl sy die prentjie voor haar beskou.

Outydse plaashek, effe lendelam, oorgetrek met ge-roeste ogiesdraad. Anderkant die hek 'n tweespoorpad tot by 'n motorhuis. Langs die motorhuis 'n windpomp wat eentonig tjier-tjier-tjier en vergeefs die lekkende sementdam probeer volmaak. Agtertoe is daar oorblyfsels van 'n groentetuin, met twee of drie mielies wat moedig probeer oorleef tussen die klitsgras en kakiebos.

Na links is die woonhuis, gebou van die plaaslike sandsteen, met 'n diep stoep wat halfpad om die huis vou en 'n hoë rooi sinkdak met dekoratiewe ysterwerk op sy nok. Maar die rooi van die dak is meer vaal as vrolik en plek-plek krul die verf van die geute af. Van die voortuin, wat in Leendert Geertsema se dae die *Garden & Home* gehaal het, is daar net 'n woesteny oor. Die huurders wat die afgelope drie jaar in die plek was, was klaarblyklik nie tuiniers nie.

Sy voel hoe haar keel toetrek. As dit buite so verwaarloos is, kan sy net dink hoe die huis binne lyk.

In haar grootwordjare was dit 'n pragtige plek, vol antieke meubels, Persiese matte op blinkgepoleerde geelhoutvloere, en ritse oorspronklike Leendert Geertsemas wat die ruim vertrekke volgehang het. Iets daarin het die kunstenaar in haar gevoed, die romantiese siel wat sy so diep in haar moes versteek, aan die lewe gehou. As sy die mense om haar kon laat vervaag, was sy omring van lewegewende skoonheid.

Dalk was dit hierdie stukkie sentiment wat haar die huis laat hou het toe haar ma aftreeoord toe is. Dit was waansin, het Rina en swaer Carel haar vertel – 'n ou huis op die platteland met gebarste binnemure en lek-

kende waterpype en elke ander kwint en kwaal wat ou huise opdoen – en die beste sou wees om die plek so vinnig moontlik aan 'n naïewe Gautenger af te smeer wat dink 'n gastehuis op die platteland is 'n goeie manier om aftree-inkomste te genereer.

Maar Rina kon maklik praat. Haar ouer suster het uit hulle pa se boedel 'n kleinhuisie vol kontant gekry wat sy net by die twee kleinhuisies kon voeg wat sy reeds gekry het toe sy direk ná matriek onder die Wandrags ingetrou het. En Rina is nou al meer as dertig jaar aan 'n man se sy wie se hele lewe deur twee prioriteite beheers word: om elke wedstryd wat die Cheetahs speel met sy hele hart en siel te ondersteun, en om aan elke wens en gril en eis van sy vrou en haar drie bedorwe dogters toe te gee.

Rina en swaer Carel sal nooit verstaan dat hierdie huis, ten spyte van alles wat dit nie was en wat sy nie hier gekry het nie, die enigste huis was wat sy ooit gehad het. En blykbaar die enigste huis is wat sy ooit gaan hê.

Vier en flippen veertig, werkloos, vir die tweede keer aan die skei, en al wat sy het, is 'n verlede. En hierdie vervalte rotnes.

Sy voel hoe die trane weer dreig.

“SW?”

Die kind kyk nie eers op nie, lê net op sy stuitjie met sy oë op die iPad vasgenaël.

“SW!”

“Mmm? Wat?”

“Ons is hier.”

Hy kyk onbelangstellend deur die venster. “Ek sien so.”

“Nou toe, gaan sluit die hek oop sodat ons kan intrek en afpak. Die trok sal seker eers oor 'n uur of so hier

wees en dan sal ons moet spring om die plek ten minste só te hê dat ons hier kan slaap. Kom ons kry solank hierdie goed in die huis.”

SW hys hom traag teen die stoel se rugleuning orent en beskou die huis met openlike weersin. “Hoekom moet ons vanaand al hier afpak? Ons kan mos by tannie Rina-hulle oorslaap.”

“Tannie Rina-hulle is by hulle strandhuis. Ouma is saam met hulle daar. Tannie Rina wou terugkom toe sy gehoor het ons kom, maar ek het vir haar gesê dis onregverdig teenoor oom Carel en die meisiekinders, hulle verdien ’n vakansie. Hulle kom eers oor ’n week terug.”

“Hoekom het jy nie ten minste net die sleutel van hulle huis gekry nie? Dan hoef ons nie hier te bly sonder krag of water nie. Die plek lyk spooky.”

“Daar is krag en water en tannie Rina het gereël dat iemand inkom en skoonmaak. Buitendien, dit lyk van buite af erger as wat dit is,” sê sy teen haar betewete. ’n Leë huis is ’n aaklige ding, al is hy splinternuut. Hierdie kasarm gaan inderdaad soos ’n spookhuis wees.

Maar dit help nie sy gooi olie op SW se vuur nie; hy is ontevrede genoeg soos wat dit is. “Komaan, SW, sluit oop die hek dat ek kan intrek.”

Hy rank traag uit die motor en slof nog stadiger tot by die hek. Karring met die slot en ketting en swaai dan die hek oop tot waar dit aan die ongelyk grasperk vashaak. Wat beteken dat sy die motor stadig deur die halwe opening moet stuur en ’n draai oor die grasperk moet ry om voor die motorhuis te kan parkeer. Sy kan hoor hoe knars die dooie gras onder die bande.

Sy klim uit. “Haal vir my die goed uit die kattedak, asseblief, ek sluit solank oop.”

“Mmm.”

“SW, kom net asseblief 'n slag oppervlak toe! Ons het 'n klomp werk om te doen; sit nou daai verdomde iPad neer en maak soos wat ek vir jou sê!”

Al twee van hulle steier effens verskrik terug toe haar skril stem van die stoep af eggo. Hemel, sy het vergeet hoe die ruimte hier jou swak gedrag kan aksentueer. Hier is sy, nog nie eens tien minute op die dorp nie en sy skel al klaar soos 'n viswyf. Hopelik is die bure ook met vakansie, anders lê dit môre die hele dorp vol dat daar 'n teef in Heimwee ingetrek het.

Ten minste het dit die gewenste uitwerking. SW klap die iPad toe en smyt dit op die voorste sitplek van die motor. Marsjeer om en pluk die kattedak oop.

Sy laat hom begaan. Dikbek gaan hy dikbek wees. Sy het 'n sterk vermoede hy gaan die volgende jaar lank dikbek wees, sy kan netsowel daaraan gewoon raak. Solank hy doen wat sy van hom verwag, moet hy nou maar ook sy dikbekkigheid in vrede troetel.

Sy haal diep asem en draai terug na die voordeur. Op hierdie oomblik het sy net vir haar eie storm krag, sy kan nie nog SW s'n vir hom ook deurmaak nie.

Pieng!

Simoné se oë vlieg oop. Dis stiknagdonker om haar – sy moes aan die slaap geraak het. Nogal vreemd, want sy kan maande lank al glad nie sonder slaappille tot ruste kom nie. Daarsonder lê sy ure lank en wroeg, en is sy elke nag teen drieuur wakker, al is sy morsdood moeg. Maar sy was so gedaan ná die dag se spanning en ooreising van inpak en ry en uitpak en regskuif dat sy vanaand so waarlik vanself weggedommel het.

Sy rek oor en tel die foon van die tafeltjie langs die



bed af op. 'n WhatsApp? Wie whatsapp haar in die middel van die nag?

Afwagting en hoop bruis skielik deur haar. Alles gaan aan die tintel, en sy kan behoorlik voel hoe prik dit in haar vingerpunte. Haar asem raak kort, die vaak lig.

Dit kan net een mens wees. Hierdie tyd van die nag kan dit net een mens wees!

Haar hande is skoon dom en bewerig terwyl sy sukkel om die foon se kode ingetik te kry. Haar oë pyn van die raakskerm se helder lig en sy moet hulle op skrefies trek om te kan lees wat daar staan. Maar die woorde is steeds te klein.

Bril! Waar is haar leesbril?

In haar haas en verbouereerdheid stamp sy amper die glaslampie van die tafeltjie af. Vang die ding net betyds.

Uiteindelik kry sy die bril raakgevat, druk dit so skewerig op haar gesig terwyl sy koorsagtig deur die foon blaai op pad na die regte skerm.

*Rina, staan daar.*

*Julle oukei? So jammer ek kan nie daar wees nie, bang julle is honger en hartseer. Amper huistoekomtyd vir ons, dan vergoed ek behoorlik. Vasbyt, sussa, lief vir jou en SW.*

Simoné lê terug teen die kussings. Rina. Opreg besorg, opreg lief. Wat bereid was om haar gesin in die Kaap te los en op te vlieg om Simoné te help pak. Wat die wêreld omgekeer het om hulle terugkoms Boekenhoutskloof toe so gemaklik moontlik te maak.

En al wat sy kan voel oor haar suster se standvastige onderskraging, is teleurstelling wat soos 'n mortier in haar bors vasslaan.

Want dis nie Jaco nie. Dis nie Jaco wat laat weet het

dat hy jammer is, dat dit 'n fout is, dat hy bereid is om weer te probeer, dat hulle berading kan kry, dat hy lief is vir haar en haar nie wil verloor nie. Dat sy saak maak nie.

Miskien was Jaco reg, dink sy. Miskien is sy die ruggraatlose pateet wat hy gesê het sy is.

Want so onhoudbaar en onmoontlik as wat hulle verhouding geword het, sal sy nou elke sent wat sy besit, gee om hom terug te kry. Sy sal sluk wat hy uitdeel, doen wat hy verwag, gee wat ook al hy wil hê, as hy net hierdie aaklige, verskroeiende leegheid in haar sal wegneem. As sy ten minste net weer kan voel daar is 'n rede waarom sy bestaan.

Met die foon so teen haar bors gedruk en die kussing in die waai van haar lyf getrek, krul sy op teen die versengende seer.

Dit is dan uiteindelik wat sy geword het. So treurig en slagpat en beginselloos dat sy nie eers haar eie self-respek verdien nie.

**Uit die divagids (1):***Oor en uit*

Nou ja. Jy het genoeg gehad, jou kar is gepak, jy het die deur gesluit en die sleutels deur die venster gegooi. Ikabod. Streep getrek, punt gesit, boek toegemaak. Dis verby, sê jy.

Mag wees, maar moenie die berg wat voorlê, onderskat nie; jy is nou eers by base camp.

Weet maar: Daar gaan dae wees waarop dit voel asof jy wil mal word; soms gaan jy voel asof jy reeds mal is; soms gaan jy wens jy kan mal word en iewers gaan aanmeld vir sorg en toesig. Hou koers, al sien jy nie die kruin nie. Die diva in jou weet waar dit is en sy sal die pad ongetwyfeld weer kry. Onthou intussen:

- Min vroue loop die oomblik wat iets in hulle verhouding skeefloop. Wel, min gebalanseerde, volwasse vroue, in ieder geval. 'n Mens probeer. Jy praat. Jy baklei. Jy pleit. Jy dreig. Jy onderhandel. Jy oorweeg jou opsies, jy vra jou vriendinne vir perspektief, jy wik, jy weeg, jy wonder. En dan probeer jy nog 'n slag, want dis die soort mens wat jy is: lojaal, doelgerig, verantwoordelik, betroubaar. Maar die dag kom waarop die deur toeklap en jy weet: dis nou klaar. Dis die diva in jou wat dit vir jou sê. Luister wanneer sy praat.
- Jy gaan op daardie selfde oomblik besef dat die skrif lankal aan die muur was en dat jy jou opsetlik blind en analfabeties gehou het omdat jy nie wou glo daar is niks meer wat jy kan doen om jou verhouding of huwelik te red nie. En die onvermydelike uitval daarvan is dat jy jouself gaan

loop en verwyf dat jy te lank gebly het. Moenie. Daar is nooit 'n maklike tyd om uit 'n huwelik te loop nie; dit kos jou emosioneel dieselfde wat dit jou kos om 'n ledemaat lewend te amputeer.

- Nie almal se breekslae lyk dieselfde nie. Vir sommige is dit soos 'n kernontploffing wat alles binne 'n oogwink platvee; vir ander is dit 'n ding wat amper onbewus gegroei het, soos kanker, en eintlik net gediagnoseer word wanneer alles reeds besmet is. Maar ongeag die aard van die breekspul, is een ding vir almal dieselfde: Dit neem maande – en in sommige gevalle jare – om wat jou kop weet en jou hart wil hê, gesinchroniseer te kry. Die sielestryd wat dit afgee, is verbryselend.
- 'n Verhouding wat skeefloop, kos jou meer as net jou geliefde se geselskap. (Of seks, in die hoogs onwaarskynlike geval dat julle dit nog gehad het.) Jy verloor 'n klomp ander goed wat jou eintlik emosioneel meer kos as die mens wat weg is: Jy verloor die gesin waarvan jy die spil was. Jy verloor jou tuiste (al behou jy die huis). Jy verloor so om en by agt en negentig persent van jou vertrouwe in jou eie oordeel. Jy verloor jou verstekmense – mense wat Kersfeeste en verjaarsdae saam met jou vier sonder dat jy hulle hoef te nooi. Maar boweal verloor jy die droom: jou vooruitsig op die happily-ever-after wat van kleindogtertjetyd af by jou ingedril is as die enigste geldige einde van 'n verhouding.
- Daar is altyd (vir jou) 'n duisend redes om te bly. Waarvan die mees oortuigende een (vir jou) is “as 'n mens net die onbedagsaamheid/leuens/bedrog/affair/prostitute/persoonlikheidsversteu-

ring/alkoholisme/aanranding miskyk, is hy eintlik 'n nice mens". En dan dink jy 'n duisend regverdigings vir sy gedrag uit: "Sy eks/ma/pa/beste vriend/geskiedenisonderwyser was dekades gelede lelik met hom en daarom moet almal om hom nou nog sy minderwaardigheidskompleks probeer besweer." Ensovoorts, ensovoorts. Mag so wees, maar onthou: Die feit dat sy gedrag verklaarbaar is, beteken nie dis verskoonbaar nie.

- Jy kan hom nie fieks nie. Nie met jou toewyding nie, nie met jou opoffering nie en nie met jou liefde nie. Al wat jy kan fieks, is jousef.
- Die ding wat jou in hierdie tyd die meeste beskadig (en wat die moeilikste is om te laat gaan), is die hoop. Dat hy gaan bel. Dat daar nog 'n kans is. Dat nog net een gesprek die probleem wat reeds twee of tien of tagtig jaar voortsleep, gaan oplos. Dat net dieselfde mens wat jou bedonner en seergemaak het, die seer kan wegneem. Daarom soek jy na geleenthede vir toevallige kontak, want jy dink dit sal dinge beter maak. En jy vind op die harde manier uit enige kontak is soos 'n stok in 'n rou wond – niks is beter nie en alles bloei net weer van voor af.
- Die swaarste van die hele afskeidneemproses is die eensaamheid daarvan. Nie die soort eensaamheid omdat jy alleen is nie; die eensaamheid omdat die emosionele plek waar jy nou is nie vir die mense om jou toeganklik is nie. Daar is vir elkeen in hierdie situasie 'n uur (of nag of maand) van soveel donkerheid dat selfs die hel vir jou aantrekliker gaan lyk as die leed. Haal asem. Dit is, in hierdie oomblikke, goed genoeg.

- Om een of ander rede maak die goeie herinneringe seerder as die slegtes. Dit is nie nou die tyd om sentimenteel te raak nie. Pak weg, gee weg, gooi weg. Beskerm jouself, veral teen jouself.
- Iewers in 'n middernagtelike uur, deurdrenk van smart, Sarah McLachlan en Jack Daniel's, gaan jy so intens verlang na dit wat jy dink jy gehad het, dat jy bereid gaan wees om enigiets en alles wat die man jou aangedoen het te vergeet. Dit is presies vir hierdie oomblik dat jy móét boekhou van die kwaad. Onthou baie opsetlik en duidelik waarom jy geloop en hoe jy gevoel het toe jy die besluit geneem het, en onthou dat niks verander het nie. Roep jou innerlike diva op. En gaan luister na Alanis Morissette.